

Hoe die wet jou uittreeannuïteit beskerm (of nie)

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Watter beskerming kry jou uittree-annuïteit (UA) volgens wet, vra 'n leser.

Dit is vir my 'n geldige vraag, nie net omdat ons daaglik gebombardeer word met produk-gesentreerde “finansiële raad” nie, maar ook omdat die sterk fokus op verkope geneig kan wees om die fynskrif in kontrakte te laat verdwyn.

En, soos ons weet, dit is in die fyn-

skrif dat die spreekwoordelike slang lê.

Die belangrike punt vandag is dat die produkte wat jy koop, by jou finansiële plan moet inpas.

Alles begin met 'n plan. Produkte (alle finansiële produkte, lewenspolisse ingesluit) is oplossings vir behoeftes, maar jy moet seker maak dit pas in by jou beplanning, anders kan jy of jou naasbestandes eendag bedroë daarvan afkom.

Kom ons kyk nou spesifiek na UA's. Ons weet almal 'n UA bied aantreklike belastingvoordele. Ons word toegegooi daarmee.

Ons hoor ook, hoewel dit minder beklemtoon word, dat jou UA-voordele beskerm is teen krediteure (skuldeisers).

En dat dit buite jou boedel val en by jou dood direk aan 'n begunstigde uitbetaal word en nie onderhewig is aan boedelbelasting nie (hoewel dié een sekere wetsbeperkinge het).

Die probleem is nie die UA as produk nie. Die probleem tree in as jou beplanning nie reg gedoen is nie.

Kom ons kyk na enkele voorbeelde.

Feit: Jou UA-voordele is nie oordraagbaar of onderhewig aan beslaglegging nie. Dit is 'n belangrike voordeel vir mense wat 'n eie onderneming bedryf om hul aftreevoorsiening te skei van die risiko's van die onderneming.

In die fynskrif is uitsonderings. Dit geld byvoorbeeld nie ten opsigte van eise ingevolge die Inkomstebelastingwet

(58 van 1962) of die Wet op Onderhoud (99 van 1998) nie. Ook, ingevolge die 2007-wysigings aan die Pensioenfondswet (24 van 1962), wat die “skoonbreuk”-beginsel ingestel het, is die deel van aftreevoordele wat die hof in 'n egskedingsgeding aan 'n gade toeken dadelik betaalbaar en daar hoef nie gewag te word tot aftrede nie.

Feit: Jou UA-voordele val nie in jou boedel met jou dood nie en sal direk uitbetaal word aan 'n afhanklike of begunstigde.

In die fynskrif is uitsonderings. Die trustee van die fonds het byvoorbeeld 'n diskresie, wat sterker is as jou aanwysing. As die trustee binne 12 maande ná jou dood uitvind van 'n afhanklike,

het die trustee die reg om die voordele tussen afhanklikes te verdeel (ongegag wie jy benoem het). Meer nog, die verdeling hoef nie gelyk te wees nie. Soos genoem, die trustee het diskresie.

En as daar geen afhanklike is nie, maar jy het 'n begunstigde benoem? Die geld moet dan direk aan daardie begunstigde uitbetaal word.

Maar wat as die boedel insolvent is? Dan moet die boedelskuld eers betaal word voordat die begunstigde sy of haar deel mag kry.

Kortom, daar is min sekerheid dat jou UA-voordele by jou dood sal gaan na dié aan wie jy dit wil nalaat. Daarom my klem op beplanning deur kundiges, wat al die relevante faktore en finansiële ri-

siko's in ag moet neem voordat na produk-oplossings gekyk word.

En hier is nóg 'n punt: Wie is afhanklike? 'n Gade en kinders, uiteraard, maar ook enigeen vir wie se onderhoud jy aanspreeklik was of die een met wie jy in 'n langtermyn-verhouding was.

Hierdie is 'n belangrike punt. Dit kan tot gevolg hê dat jou kind minder of niks uit die fonds kry nie en jou lewensmaat meer of alles.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur by Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**